



Totius-Akademie

Onafhanklike skool vir Christelike onderwys van hoë gehalte

Verduideliking van grondslag

1	Doel van hierdie dokument	2
2	Redes vir 'n gereformeerde grondslag	2
2.1	Oprigting.....	2
2.2	Spesifieke benadering onvermydelik	3
2.3	Duidelik omskryf en uitgewerk	3
2.4	Sterk historiese wortels.....	3
2.5	Verbondskinders	4
3	Spesifieke punte van die gereformeerde leer en praktyk	4
3.1	Die Bybel is die Woord van God.....	4
3.2	Eer van God	5
3.3	God se almag.....	5
3.4	Skepping	6
3.5	Die leer van die saligheid	6
3.6	Geloofsdade	7
3.7	Uitverkiesing.....	7
3.8	Verbond.....	7
3.9	Historiese perspektief	8
3.10	Laaste dinge.....	8
3.11	Geestesgawes.....	9
3.12	Dienste ("ampte")	9
3.13	Sakramente	9
3.14	Belydenisskrifte	10
3.15	Liedere.....	10
3.16	Gebede	10

1 Doel van hierdie dokument

Totius-Akademie erken die Bybel, soos saamgevat in die gereformeerde belydenisskrifte as sy grondslag. Tog word leerders toegelaat wie se ouers nie spesifiek hierdie grondslag aanvaar nie, mits Christelike onderwys vir die ouers baie belangrik is en hulle instem dat die kinders ten spyte van moontlike verskille, volgens die grondslag van Totius-Akademie onderwys ontvang.

Die doel van hierdie dokument is om te verduidelik waarom Totius-Akademie 'n spesifieke grondslag het en om 'n eenvoudige verduideliking te gee van 'n paar spesifieke punte waar die reformatoriese (dit is: gereformeerde) leer en praktyk mag verskil van die leer en praktyk van ander kerke (bv. Roomse, Metodistiese, Baptistiese of Pinksterkerke). Die dokument wil uiteensit watter tipe onderrig ouers by Totius-Akademie kan verwag.

Hierdie dokument vervang nie die sleuteldokumente van die skool nie,¹ maar wil verdere verduideliking gee van die gereformeerde leer.

2 Redes vir 'n gereformeerde grondslag

Daar is verskeie redes waarom die skool vir die bepaalde grondslag kies:

2.1 Oprigting

Suid-Afrika se grondwet onderskei tussen openbare skole en onafhanklike (privaat-) skole.² 'n Openbare skool mag nie 'n bepaalde geloof ter uitsluiting van 'n ander navolg of sodanige geloof bevorder nie.³ Daarteenoor het 'n privaatskool soos Totius-Akademie die reg om onderwys vanuit 'n spesifieke geloofsoortuiging of lewensbeskouing aan te bied.⁴

Totius-Akademie is opgerig deur 'n vereniging van ouers en ander belanghebbendes wat spesifiek gereformeerde onderwys⁵ wou bevorder. Oor die jare lede van die vereniging en spesifiek deur ouers wat die ideaal gesteun het groot insette tot die

¹ Die belangrikste sleuteldokumente is: (1) Die Gereformeerde Belydenisskrifte, ook genoem die Drie Formuliere van Eenheid. Hierdie belydenisskrifte, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls vorm die grondslag van die skool. Die Heidelbergse Kategismus is spesifiek as leerboek vir die jeug opgestel. Belydenisskrifte is 'n opsomming en nasê van wat die Skrif aan ons openbaar. (2) Skoolcredo (Merktekens van die Christelike skool). (3) Dokumente wat die skool se missie, visie en waardes uiteensit.

² Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Hoofstuk 2 Artikel 29 (3), saam gelees met Artikel 30; Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, soos gewysig, Hoofstuk 5.

³ Vergelyk die uitspraak van die Suid-Gautengse Hooggeregshof, 2017-06-28 in die saak van OGDOD teen verskeie skole waarvolgens openbare skole nie 'n bepaalde geloof mag bevorder nie. 'n Bepaalde "geloof" kan verwys na 'n spesifieke godsdiens (bv. die Christelike geloof) of 'n spesifieke benadering of belydenis binne die Christelike geloof (bv. die reformatoriese belydenis).

⁴ Department of Basic Education. 2008. Rights and responsibilities of independent schools. Extract from: Communications Protocol agreement signed between the Department of Basic Education (DBE) and the National Alliance of Independent School Associations (NAISA).

⁵ Hoewel lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) 'n groot rol gespeel het in die totstandkoming van die skool, is "gereformeerde" nie beperk tot hierdie spesifieke kerkverband (denominasie) nie. In hierdie dokument word "gereformeerde" dus in wyer betekenis gebruik as om na 'n spesifieke kerkverband (denominasie) te verwys.

skool gelewer en baie opofferings gemaak, juis om hierdie grondslag te behou en bevorder. Terselfdertyd erken die oprigters van die skool die reg wat ander ouers het om self 'n skool tot stand bring wat hulle eie geloofsoortuigings weerspieël.

Wanneer ouers van ander oortuiging hulle kinders by Totius-Akademie inskryf, is die verwagting dat die oortuiging en opofferings van die oprigters gerespekteer word.

2.2 Spesifieke benadering onvermydelik

Wanneer 'n mens Christelike onderwys aanbied, is dit onvermydelik dat dat 'n bepaalde benadering gevolg sal word. Wanneer Bybelonderrig aangebied word, moet keuses gemaak word oor die manier waarop die Bybel verklaar en toegepas word. Wanneer liedere gesing word, is 'n keuse onvermydelik. By die aanbieding van die verskillende vakke uit 'n Bybelse perspektief, moet daar ook 'n keuse gemaak word watter benadering gevolg sal word. As 'n mens probeer om net te konsentreer op dié sake waarvoor verskillende kerke met mekaar saamstem, is die gevaar dat 'n mens uiteindelik 'n baie afgewaterde Christelike onderrig sal hê wat net in naam Christelik is. Geen keuse nie, kom neer op 'n keuse vir 'n afgewaterde leer.

Dit beteken nie dat die skool 'n strydpunt maak van allerlei sake waar daar verskille is tussen die gereformeerde leer en ander standpunte nie. 'n Spesifieke benadering beteken wel dat sake positief vanuit 'n reformatorese perspektief aangebied word, asook dat daar by Geloofsleer en Bybelonderrig uitdruklik by die gereformeerde belydenisskrifte aangesluit word.

2.3 Duidelik omskryf en uitgewerk

Die uitgangspunte van die gereformeerde benadering in die onderwys is oor baie jare duidelik omlyn (geformuleer) in baie publikasies. Daar is tans goeie onderrigmateriaal in Afrikaans beskikbaar wat die gereformeerde benadering in die verskillende skoolvakke volg, naamlik die Waterstroomreeks. Totius-Akademie is lid van die *Instituut vir Christelike Onderwys* (ICO), wat genoemde onderrigmateriaal verskaf en wat self reformatoriese onderwys bevorder.

Die skool volg die klassieke gereformeerde benadering, soos uiteengesit in spesifieke belydenisskrifte, naamlik die Drie Formuliere van Eenheid. Hierdie belydenisskrifte gee 'n uitvoerige en duidelike omskrywing van wat ons glo. In Bybelonderrig, kerkgeskiedenis en geloofsleer kom die gereformeerde belydenisskrifte uitdruklik aan die orde.

2.4 Sterk historiese wortels

Die grondslag wat die skool kies, het die toets van die tyd deurstaan. In onderskeid met baie ander benaderings wat later ontstaan het, gaan die gereformeerde belydenis ongeveer 500 jaar terug tot die tyd van die Kerkhervorming. Die reformatoriese grondslag het in Suid-Afrika al vir meer as 100 jaar neerslag gevind in die onderwys. Teen die begin van die 1900's is daar op baie plekke onafhanklike Christelik-Nasionale skole (sogenaamde CNO-skole) opgerig wat gereformeerde onderwys in Afrikaans aangebied het, terwyl daar nie op dieselfde skaal soortgelyke skole was van nie-gereformeerde belydenis nie. Potchefstroom Gimnasium was een van die laaste CNO-skole voordat dit 'n openbare skool geword het.

Die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) het uit dieselfde histories-reformatoriese wortels gegroei. Dit wat die CNO-skole vir primêre en sekondêre beoog het, het die PU vir CHO op tersiêre vlak beoog.

2.5 Verbondskinders

Die rede waarom ouers van gereformeerde kerke spesifiek gereformeerde onderwys verkies, is weens die beskouing dat gelowige ouers in 'n verbondsverhouding met die Here staan (vgl. 3.8 hier onder), en dat 'n baie belangrike deel van hulle verbondsverpligtinge behels dat hulle die kinders wat die Here aan hulle gee, in die ware leer van die saligheid sal onderrig en laat onderrig⁶. Hierdie verpligting sluit ook skoolonderwys in, ten opsigte waarvan ouers die verpligting het om toe te sien dat ook dié onderwys by die kind se verbondsonderrig aansluit. By Totius-Akademie wil sulke ouers graag onderwys op gereformeerde grondslag met ander deel wat daarin belangstel, maar dan sonder om die karakter daarvan te verander of af te water.

3 Spesifieke punte van die gereformeerde leer en praktyk

3.1 Die Bybel is die Woord van God

Die Bybel is God se gesagvolle openbaring, nie alleen oor die weg van verlossing en hoe ons moet lewe nie, maar ook ten opsigte van ons lewensbeskouing en ons benadering tot alle lewensterreine. Totius-Akademie is 'n skool-met-die Bybel, wat beteken dat nie alleen Bybelonderrig die nodige aandag kry nie, maar ook dat die aanbieding van alle vakke in die lig van die Bybel geskied. Christelike skoolonderwys behels baie meer as godsdiensbeoefening (saal- en klasopening), Bybelonderrig en die noem van Bybelversies.

God se Woord is die saad van die wedergeboorte, waardeur die Heilige Gees geloof bewerk. Dit is vir ons daarom belangrik dat leerders reeds goeie kennis en agtergrond van die Bybel het waarop ons kan voortbou.

- Ons plaas daarom 'n hoë premie op die lees en onderrig van die Bybel by die **huis**, waar ouers saam met hulle kinders die Bybel lees en bespreek. Elke leerder moet 'n eie Bybel hê en dit daaglik lees.
- Dit is ook vir ons belangrik dat ouers saam met hulle kinders gereeld (elke Sondag) deelneem aan **eredienste** waar die Bybel uitgelê en verklaar word.
- Leerders moet ook kerklike **kategese** bywoon waar hulle doelgerig uit God se Woord onderrig word.

Ons glo dat God sy besondere openbaring afgesluit het. Ons verskil dus van standpunte wat daarvoor ruimte laat dat mense bykomende, direkte openbarings deur die Heilige Gees kan ontvang. Ons staan skepties teenoor ongetoetsde aansprake van individue wat beweer dat die Here vir hulle dit of dat gesê het.

⁶ In kerke van gereformeerde belydenis onderneem ouers uitdruklik by die doop van verbondskindertjies om hulle kinders, namate hulle dit kan verstaan, in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig (Vgl. die Doopsformulier).

Ons beskou die Bybel as die Woord van God en nie 'n versameling van menslike stories oor God nie. Laasgenoemde standpunt word vandag deur baie individue en kerke gepropageer.

Onderrig uit en bediening van die Woord staan vir ons voorop. In dié opsig verskil ons van groepe wat seremonies, meditasie, beoefening van algemene spiritualiteit, en die gebruik van simbole, beelde of ikone belangriker ag as die lewende verkondiging van die Woord.

Stories, anekdotes uit die daaglikse lewe of aanhalings uit boeke met mooi gedagtes kan nooit die kragvolle openbaring van God in sy Woord vervang nie – nie op die preekstoel nie en ook nie in die klas nie. Tydens godsdiensoefening (saalopening) by die skool, word die Bybel self aan die woord gestel, eenvoudig verklaar en toegepas.

Ter wille van eenvormigheid gebruik die skool 'n spesifieke Afrikaanse Bybelvertaling wat die brontale redelik direk weergee,⁷ sonder om hierdie vertaling te verhef tot die enigste geldige of nuttige Bybelvertaling.

3.2 Eer van God

Die gereformeerde benadering stel God se eer voorop. Ons dien God ter wille van Homself en nie sodat ons iets daaruit kry nie. Ons hoogste doel op aarde is om God te verheerlik en vreugde in Hom te vind. Teëspoed is nie noodwendig 'n teken dat ons God nie goed genoeg gedien het nie, maar dit kan wees dat God dit toelaat om ons geloof sterker te maak.

In baie kerke word vandag 'n voorspoedteologie verkondig, naamlik dat ons God moet dien en tot Hom moet bid sodat Hy ons kan help in tydelike nood en behoeftes. Volgens die voorspoedsteologie is armoede of siekte, of ander teëspoed, die gevolg daarvan dat ons God nie reg dien nie.

Ons dien God ter wille van Homself en nie vir die voordeel nie – selfs nie ter wille van ons ewige redding nie. Om God te dien ter wille van die voordeel wat jy daaruit kry, is eintlik diens aan jouself en is daarom 'n vorm van afgodsdien.

3.3 God se almag

Die gereformeerde leer beklemtoon God se almag. Die bestaan van engele, die duiwel en demone word in die gereformeerde leer erken, maar ook dat hulle sonder God se wil hulle nie kan roer of beweeg nie. Daarom word ons eie verantwoordelikheid beklemtoon eerder as om die skuld vir ons optrede aan demone toe te skryf. Hoewel die moontlikheid van duiwelbesetenheid erken word, bly ons skepties teenoor die groot klem in baie kerke op duiwelbesetenheid, die uitdryf van duiwels, beswerings, binding van die duiwel en sogenaamde bloedlynsondes. Ons beroep ons op God se almag deur gewone, volgehoue en gelowige gebed en wend ons nie tot middele soos gebedsmarse en gebedskettings, asook simboliese salwing van plekke wat sogenaamd in die mag van Satan verkeer nie.

⁷ Byvoorbeeld die 1933/53-vertaling of die BDV (Bybel Direkte Vertaling).

3.4 Skepping

Ons glo dat God hemel en aarde, wat alle sigbare en onsigbare dinge insluit, uit niks geskep het. Hy het die mens na sy beeld en gelykenis geskep, onderskeie van al die ander skepsele, om oor die skepping te heers en dit met verantwoordelikheid te ontwikkel. God alleen is die gewer van en beskikker oor die mens se lewe.

Hy het die mens as man en vrou geskep, en het die huwelik ingestel as eksklusiewe verbond tussen een man en een vrou. Die huwelik is die ruimte waarbinne seksualiteit beoefen moet word en dien as basis vir die gesin.

By die skool word genoemde Bybelse Skeppingsleer onderrig, wat beteken dat die leer afgewys word waarvolgens alle dinge spontaan ontstaan het en die mens bloot 'n dier is (evolusionisme). Die gedagte dat die kwaad of die duivel en demone van ewigheid af naas God bestaan, word ook afgewys. Die benadering by die skool is pro-lewe sover dit die vraagstukke van aborsie en genadedood betref, asook pro-huwelik en pro-gesin in die sin wat die reformatoriese belydenis dit tradisioneel verstaan.

3.5 Die leer van die saligheid

In Bybelonderrig moet die leer van die saligheid (redding) sentraal staan, aangesien die pad van redding een van die hooftemas van die Bybel is. God se Woord is deurgaans, van die eerste tot die laaste Bybelboek, *evangelie* (goeie nuus). Verskeie sake hou verband met die leer van die saligheid:

- **Sonde en verlorenheid:** Redding veronderstel egter dat die mens nodig het om uit ellende gered te word. Die leer van die saligheid behels dat die mens dood is deur sy misdade en sondes en homself nie kan red nie. Alle mense verdien God se toorn en die ewige oordeel. Ons verskil van sommige groepe wat leer dat die mens ná die sondeval 'n vrye wil het en dat ons uit onself die goeie kan kies.
- **Slegs Jesus Christus:** Verlossing is alleen moontlik deur die betaling van Jesus Christus aan die kruis en sy opstanding uit die dood. Ons verskil grondig van persone wat beweer dat alle godsdienste gelyk is of dat daar verskillende maniere is om gered te word.
- **Nie deur eie goedheid:** In ons tyd word die basiese goedheid van die mens beklemtoon. Baie preke is weinig meer as sedepreke, waar Jesus Christus en ook baie ander persone bloot as goeie voorbeelde voorgelê word wat ons moet volg. Die gedagte dat 'n mens deur goeie dae jou redding kan verdien, word afgewys. Net so word gedagte verwerp dat 'n mens se afstamming bepalend is vir jou redding, soos die aanhangers van die sogenaamde *Israel-visie* of *Israel-waarheid* leer. Dieselfde geld vir benaderings wat een volk of ras as meerderwaardig beskou.
- **Deur geloof:** 'n Mens word slegs deur Christus gered, en kry deel aan die redding deur (*via*) geloof. Geloof is nie iets wat ons uit eie prestasie bereik nie, maar wat die Heilige Gees deur God se genade in ons bewerk (vgl. 3.7 hier onder).

In ons onderwys veronderstel ons dus nie dat elke leerder vanself goed is en dat die goeie bloot na vore gebring moet word nie. Die Bybel is nie bloot 'n versameling sedelesse vir mense wat hulleself wil verbeter nie.

3.6 Geloofsdade

'n Tweede rede waarom die Here ons sy Woord gegee het, is om vir ons te leer hoe Hy gedien wil word.

'n Redelik algemene siening is dat 'n mens gered word op grond van jou goeie dade. In die lig van ons sondige aard (sien 3.5 hierbo) is dit onmoontlik. Goeie dade vloei voort slegs voort uit die ware, nuwe lewe wat Jesus Christus gee. Dieselfde Gees wat geloof in ons bewerk (vergelyk 3.5 hierbo) lei ons tot 'n lewe van dankbaarheid.

Sommige groepe leer egter dat die Wet van die Here nie meer geld vir persone wat gered is nie. So 'n siening lei tot wetteloosheid, willekeur en losbandigheid. Daarteenoor glo gereformeerdes dat God se wet steeds vir verlostes geld as reël van dankbaarheid. Onderwys is waarde-gedrewe. Daarom onderskryf Totius-Akademie 'n stel waardes, gegrond op die Skrif, wat ons aktief bevorder. Dit is ook vir ons belangrik dat die leerders onderrig word wat die implikasie van elk van die Tien Gebooe is.

Wanneer ons die Wet onderhou, beteken dit nie dat seremoniële wette van die Ou Testament wat vooruit gewys het na Christus se kruisoffer, steeds onderhou moet word nie. Daardie wette (soos diere-offers en Joodse feesdae) is deur Christus vervul. Ons verskil hierin van sekere groepe soos die *Hebrew Roots Movement* wat nog Ou-Testamentiese feeste en seremonies wil onderhou en wat aandring op die gebruik van Ou-Testamentiese Hebreeuse benamings (soos *Yeshua* in plaas van *Jesus*).

3.7 Uitverkiesing

Hoewel geloofsdade (sien 3.6 hierbo) 'n kenmerk van die ware geloof is, mag ons nooit dade beklemtoon bo 'n persoonlike verhouding met die Here nie.

Die evangelie (goeie boodskap van redding) kom met die oproep tot bekering. God vra van ons 'n opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde. Hierdie dinge (persoonlike verhouding, geloof, bekering, liefde, ensovoort) kom nie uit onself nie. Ons as ouers of onderwysers kan dit ook nie by kinders bewerk nie. Hierdie dinge is die gawe van God deur sy Gees aan mense wat Hy van ewigheid af tot die lewe uitverkies het. God lei mense tot bekering, selfs al weerstaan hulle Hom (soos die geval was met die apostel Paulus). Al wat ons kan en moet doen, is om die saad van die wedergeboorte (die Woord van God) te saai. God besluit of die saad sal ontkiem en groei. Aan 'n Christelike skool het ons die voorreg dat ons ongehinderd op allerlei maniere hierdie saad van die ewige lewe kan saai.

Die leer van die uitverkiesing het verskeie implikasies. 'n Oordrewe evangeliese benadering wat daarop aandring dat jy eers jou hart vir die Here moet gee, anders kan Hy nie die redding vir jou gee nie, is in stryd met God se almag en die waarheid dat Hy van ewigheid af uitverkies het wie aan Hom behoort. Net so wys ons die gedagte af dat sommige mense op grond van hulle afkoms, stand of ras beter as ander mense is en daarom deur God bevoordeel word.

3.8 Verbond

Groot klem word in die gereformeerde leer op die verbond gelê. Die verbond is die ruimte waarbinne God mense tot geloof en bekering lei, maar is nie op sigself 'n

waarborg dat iemand gered word nie. Verbondskinders moet tot geloof in die ware God gelei word.

God het met die mens 'n verbond gesluit, wat telkemale herhaal of uitgebrei is: met Adam, Noag en Abraham, by Sinai, met Dawid en uiteindelik die nuwe verbond deur die bloed van sy Seun. Die verbond is telkens gesluit met gelowiges en hulle nageslag. Daar is één verbond wat deurloop van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Die gereformeerde leer lê klem op die eenheid van die Ou en Nuwe Testament, wat beide die Woord van God is.

Die verbondsbenadering verskil van die Bedelingsleer (Dispensasionalisme), waarvolgens die Nuwe Testament (Nuwe Verbond) die Ou Testament (Ou Verbond) vervang. Die Bedelingsleer verdeel die geskiedenis in verskeie bedelings, wat verskillende verlossingsplanne van God verteenwoordig. Volgens die Bedelingsleer het God vir die Jode (die volk Israel) 'n ander weg van verlossing, 'n ander bedeling, as vir nie-Jode.

Die leer van die verbond behels dat die aktiewe deelname aan 'n spesifieke geloofsgemeenskap (kerk) uiters belangrik – 'n saak wat by die skool beklemtoon word. Die kerk is die liggaam van Christus, waarvan elke gelowige 'n lid/ledemaat is. Elke Christen het die plig om aan te sluit by die kerk wat die evangelie suiwer verkondig en uitleef. Elke Christen is verplig om sy/haar gawes te gebruik tot opbou van die ander lede en tot eer van God.

'n Basiese bousteen van die verbond is die gesin. Hoewel gebroke huwelike en gesinne 'n hartseer werklikheid is waarmee rekening gehou word, beklemtoon ons die belangrikheid van funksionele gesinne waar kinders binne 'n veilige en liefdevolle omgewing die Here leer ken en liefhê.

3.9 Historiese perspektief

In die Bybel word sterk klem gelê op God se pad met sy volk. God loop 'n pad met sy kerk deur al die eeue. Uit die verlede word waardevolle lesse geleer tot bemoediging en waarskuwing. Ons verstaan ook beter waar dié dinge wat ons glo vandaan kom, asook dié dinge wat ons doen (ons tradisies). Die lewendige en aktuele aanbidding van Bybelgeskiedenis, Kerkgeskiedenis en Algemene Geskiedenis is daarom vir ons belangrik. Sonder perspektief op die verlede, is jou hede betekenisloos en jou toekoms onseker.

Met hierdie benadering word standpunt ingeneem teen die oorbeklemtoning van die hier en nou en onmiddellike, wat kenmerkend is van die eksistensialisme en sommige Pinkstergroepe. Ons neem ook standpunt in teenoor ideologieë en politieke bewegings wat (aan die een kant) ons as gelowiges of as bevolkingsgroep van ons verlede wil ontnem en (aan die ander kant) ideologieë en politieke bewegings wat die volkseie oorbeklemtoon.

3.10 Laaste dinge

Gereformeerdes is huiwerig om rekonstruksies te maak van wat in die laaste dae (die eindtyd) gaan gebeur, aangesien die Here nie besonderhede aan ons geopenbaar het nie. Een wederkoms van Jesus Christus aan die einde van die tye word erken, waarna

die nuwe hemel op die nuwe aarde sal neerdaal. Die eindbestemming van God se uitverkorenes is die nuwe aarde.

Daarteenoor leer baie kerke meer as een wederkoms van Jesus Christus asook 'n wegraping en 'n duisendjarige vrederyk. Rekonstruksies oor hoe die eindtyd gaan wees, geniet by verskillende groepe groot aandag, terwyl dit min beklemtoon word in die gereformeerde leer, wat sterker klem plaas op die onverwagsheid van die einde en die oproep dat ons altyd gereed moet wees om die Here te ontmoet.

3.11 Geestesgawes

Gereformeerdes erken geestesgawes wat binne die gemeente moet funksioneer, maar glo dat die buitengewone gawes (soos die gawe van genesing, spreek in vreemde tale en profetiese openbarings) wat in die vroeë kerk voorgekom het, opgehou het toe die laaste apostels gesterf het. Die benadering is dus eerder "*cessationist*" as "*continuationist*".

3.12 Dienste ("ampte")

Die gereformeerde leer erken die dienste (ampte) van diaken en ouderling (en ook predikant en teologiese professor) wat Christus as die enigste hoof van die Kerk moet bedien. Regeerampte soos apostel, biskop, kardinaal en pous word nie erken nie. Die buitengewone dienste van apostel en profeet is volgens die gereformeerde leer beperk tot die vroeë kerk. Die amp van die gelowige (as profeet, priester en koning) is uiters belangrik. Die kerk bestaan nie uit sy leiers nie, maar uit gelowiges wat elkeen 'n taak en roeping het.

3.13 Sakramente

Die gereformeerde leer erken twee sakramente, naamlik die Heilige Doop en Heilige Nagmaal. Die Roomse Kerk erken sewe sakramente, terwyl ander groepe naas die doop en nagmaal ook voetwassing en inseëning erken. Die sakramente word volgens gereformeerde opvatting beskou as verbondseëls waardeur die Here sy beloftes waarborg.

Beide doop en nagmaal word, volgens gereformeerde gebruik, in die erediens bedien aan persone wat deel het aan die verbond. Die doop word bedien aan die kinders van gelowiges of ongedoopte volwassenes wat in die verbond opgeneem word. Die nagmaal word bedien aan persone wat die liggaam van die Here kan onderskei (dus volwasse, belydende lidmate).

Beide sakramente is tekens én seëls (bevestigings) van die belofte van die evangelie, wat beteken dat die klem val op dié dinge wat God aan ons belowe en gee, en nie op ons eie geloof en belewenis nie. Daarom word die doop ook aan kinders van gelowiges bedien.

Die doop en die nagmaal is nie towermiddels waardeur God sy genade en die ewige lewe outomaties vir ons gee nie. Aan die ander kant is die doop en die nagmaal ook nie bloot tekens wat ons na goeddunke kan onderhou, aanpas of kan nalaat nie.

3.14 Belydenisskrifte

Belydenisskrifte word deur verskillende kerkgemeenskappe gebruik, maar is veral binne die gereformeerde benadering belangrik.

Belydenisskrifte is geskrifte wat uiteensit van wat ons op grond van die Bybel glo en bely. Dit is nie gesagsbronne náás die Bybel nie, het gesag omdat dit ooreenstem met die Bybel. Dit wil juis saamvat wat God in sy Woord vir ons leer en wat ons as gelowiges dan *bely*. Om te bely is om in jou eie woorde na te sê wat God openbaar. Belydenisskrifte is dus altyd weer toetsbaar aan die Bybel.

Dit is 'n valse redenasie om belydenisskrifte te verwerp met die argument dat jy net glo wat in die Bybel staan. Elke mens het 'n belydenis, of dit op skrif gestel is (soos in 'n belydenisskrif), of bloot berus op 'n mondelinge kerklike tradisie. Belydenisskrifte help om dit wat God in die Bybel openbaar vir onself en vir ander duidelik uiteen te sit, en bied tegelykertyd 'n raamwerk vir die onderrig van nuwe gelowiges en verbondskinders. Een van die belydenisskrifte, Heidelbergse Kategismus, is spesifiek as leerboek opgestel.

3.15 Liedere

Onder gereformeerdes is daar verskillende gebruike ten opsigte van godsdienstige liedere.

- Oor die algemeen val die klem op liedere wat direk uit die Bybel kom (soos die direkte woorde van Psalms of die omdigting van Psalms) of wat na aanleiding van Bybelgedeeltes geskryf is en wat ook wye erkenning in baie tale geniet (Skrifgetroue liedere). Soos God sy Woord gee, gee Hy ons ook die liedere om Hom te loof, voor Hom te smeek, tot Hom te bid, ensovoort. By Totius-Akademie word spesifiek liedere wat direk uit die Bybel kom, geleer. Dit is prakties onmoontlik om voorsiening te maak vir verskillende kerklike tradisies se liedere.
- Hoewel uiting van vreugde deur opheffing van hande en handgeklap nie tot 'n beginselsaak verhef moet word nie, is die gebruik in gereformeerde kerke oor die algemeen (met uitsondering van sommige Afrika-gemeentes) dat die uiting van vreugde (of smart) in die woorde en musiek geskied en nie deur handgeklap of gebare nie.
- Begeleiding van liedere wissel in gereformeerde kerke. Sommige wys enige vorm van begeleiding af (soos die Skotse presbiteriane) en aan die ander kant van die spektrum is daar dié wat kontemporêre begeleiding (met kitaar en tromme) voorstaan. Tradisioneel word begeleiding deur klavier of instrumente wat die menslike stem komplementeer (orrel, fluit, trompet) verkies. By die skool lê die klem op liedere wat gesing word sonder begeleiding of met meer tradisionele begeleiding.

3.16 Gebede

Gebede is 'n persoonlike saak wat nie gereglementeer kan word nie. Tog laat gereformeerdes hulle lei deur voorbeelde van gebede in die Psalms en die boeke van die Nuwe Testament. Immers, Jesus Christus het sy dissipels juis 'n voorbeeldgebed gegee, naamlik die Onse Vader. Dit is vir ons belangrik om God aan te roep soos Hy Homself in sy Woord geopenbaar het. Dit beteken onder andere die volgende:

- God die Vader, Seun en Heilige Gees moet in ons gebede erken word: Die Vader as die bron en gewer van alle goeie gawes, die Seun as ons middelaar deur wie ons tot God nader, en die Heilige Gees as die Een wat in en deur ons bid.
- Die gelowige het direkte toegang tot God deur Jesus Christus, ons enigste Middelaar. Hoewel alle gelowiges voorbidding vir ander moet doen, het ons nie die voorbidding of tussenkoms van 'n spesiale persoon (sogenaamde heilige of godsdienstige leier) nodig om tot God te nader nie.
- Daar is in die gereformeerde erediens enkele formuliergebede, maar die vrye gebed waar die bidder of voorganger in sy/haar eie woorde bid, is verreweg die mees algemene manier van bid. Rituele gebede soos in Joodse, Roomse en Ortodokse, asook sommige Anglikaanse kerke algemeen gebruik word, is nie deel van die gereformeerde styl van aanbidding nie.
- Gebede waar sekere dinge van God afgeëis word, tot so 'n mate dat God beveel of die voorganger vir God skreeu, word sterk afgewys.
- Ons gebede behels ook baie meer as versoeke tot God. Ware gebed is om dinge van God te vra of te smeek, voor Hom te worstel met 'n saak, maar ook om God te dank, en veral om Hom te loof en te prys.
- In die Bybel word nie 'n bepaalde gebedshouding voorgeskryf nie. Hierdie feit word in ag geneem in die praktyk van die gereformeerde godsdiens. Hoewel die ophef van hande (Pinkstergroepe) en die kruisteken op die liggaam deur die regterhand (Roomse en Ortodokse groepe) beide ou gebruike in die Christelike kerk is en beide hierdie gebare in verband met gebede gebruik word, val die klem in die gereformeerde praktyk eerder op die gesindheid van die bidder en 'n gebedshouding van eerbied, as op uiterlike tekens van aanbidding.
- By 'n openbare gebed word as reël tydens die gebed nie hardop instemming betuig om aan te toon dat jy saamstem met die voorganger nie. Aan die einde van die gebed betuig almal eerder hulle instemming met die voorganger deur in hulle hart "amen" te sê, hoewel daar nie werklik 'n beginselbeswaar daarteen is om dit hardop te doen nie.